**Verduidelik verassing aan kinders**

Inleidend:

- Die dood van 'n geliefde is vir baie kinders 'n 1ste ervaring van sterflikheid of die "permanente" verlies van 'n geliefde. (bv. *"Mamma kom nie terug nie"*)
- Om verassing op die vlak van die kinders te verduidelik, kan vir kinders gevra word of hulle enige vrae het. Aan die hand van hulle vrae kan dan toepaslik verduidelik word.
- Jonger (voorskoolse) kinders verstaan nie regtig wat "dood" beteken nie, daarom moet 'n kort verduideliking van "dood" gegee word. Dis verder ook belangrik om te verduidelik dat 'n geliefde geen pyn ervaar tydens die verassingsproses nie.
- Hou verduidelikings eenvoudig, bly kalm en praat rustig oor die dood en verassing.
- Vermy grafiese beskrywings van verassing en verduidelik m.b.v. die "warm kamer" beeld.
- Sê vir die kinders dat dit heeltemal normaal is om hartseer te wees en om na die geliefde te verlang. Dit is ook *OK* as jy nie alles verstaan nie, maar ek gaan probeer om vir julle te verduidelik.

Verduideliking:

- Die Bybel leer vir ons dat 'n mens 'n liggaam het wat ons kan sien en voel, en saam met die liggaam het ons ook 'n siel wat ons nie kan sien of voel nie.

► Wys foto van 'n koekon waaruit 'n skoenlapper kom.

- 'n Mens se liggaam is soos hierdie kokon, en 'n mens se siel is soos die skoenlapper wat binne in die kokon is.
- Wanneer die skoenlapper uit die kokon kom kan jy nog die kokon sien, maar dis eintlik 'n leë doppie, want die skoenlapper is nie meer binne-in die kokon nie... die skoenlapper bly nie by die kokon nie, dit vlieg weg.
- Wanneer iemand wat in Jesus glo doodgaan, gaan hulle siel na Jesus toe... net soos die skoenlapper wat wegvlieg.
- Die liggaam wat agterbly is dan soos die leë doppie van die kokon... daar is nie meer asem of lewe binne-in nie. Die liggaam kan m.a.w. niks meer voel, soos toe daar nog asem of 'n siel in die liggaam was nie.
- Partymaal word die liggaam (wat nou soos 'n leë kokon is) in die grond begrawe, of soos in "mamma" se geval word dit in 'n baie warm kamer gesit word tot dit in as verander. Omdat "mamma" se siel of asem soos die skoenlapper uit die kokon gekom en na Jesus toe gegaan het, voel sy niks wanneer haar liggaam in die warm kamer gesit word nie.
- Daarna word die "as" in 'n houertjie gesit en op 'n spesiale plekkie gebêre, waarheen julle kan kom as julle baie na haar verlang.

  ► Verstaan julle dit, of is daar nog enigiets wat julle vir my wil vra?

NB: Verseker die kinders van die familie se liefde en "daar-wees" vir hulle.

